Towerlantern Fotografie
# fotografienuus
april 2023



*Herfsuitbarsting* – Lensopening: f11; Sluiterspoed: 1/15 sekonde; Fokale lengte: 105 mm

Jaarliks, teen April, is die versœking groot om 'n uitgawe van Fotografienuus aan herfskleure, veral herfsbome, te wy. Ons kies egter vanjaar eerder herfsvrugte, -neute en -bessies. En sodra jy jou kameravisier op hierdie genre stel, sal jy baie nuwe herfsteikens tref. Ons deel dié onderwerp graag met jou.


Met jou selfoonkamera of gewone kamera is jy bevoorreg om die seisœn elektronies vas te vang. Ander, soos skrywers en digters, kan dit met woorde regkry, en nog ander met verfkwas en penseel. Ons deel graag iets van die digter Bœrneef verderaan met jou – en besluit self of dit woorde of kleur is.

Towerlantern handhaaf 'n beleid van "geen kompetisie" onder sy studente. Hiermee bedœl ons dat ons nooit 'n eerste, tweede, derde prys tœken nie – elkeen van ons studente word beskou as 'n kunstenaar, of wordende kunstenaar, in eie reg. Daar is egter ander fotograwe wat van mededinging hou – lees meer hieroor in die twee artikels van Veronica Heersink van Kroonstad. En geniet hierdie uitgawe.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk
**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.*



# voorbladfoto

Die voorbladfoto kan nie maklik met 'n selfoonkamera reggekry word nie. Met 'n gewone kamera en driepoot is dit egter maklik. Die effek wat hier verkry is, is dié van 'n uitbarsting, soos die titel sê, of ontploffing, as jy wil. Beskou dit as al die mooi van die herfs wat voor jou oë aan die ontplof is.

Daar is twee verwante tegnieke, 'n diskrete en 'n kontinue metode, om 'n foto soos die voorbladfoto reg te kry. 'n Kort beskrywing van eersgenœmde tegniek wat vir hierdie foto gebruik is, is soos volg:

- Gebruik 'n lensstelsel wat in en uit kan zœm.
- Plaas die kamera op 'n driepoot.
- Stel die kamera in op veelvuldige skote (Engels: *multiple exposure* op Canon), met aantal foto's 4, as voorbeeld.
- Kry die hele opstelling en fokussering reg met die hoofitem in die middel van die foto.
- Neem die 4 foto's, elke keer met 'n effens gevarieerde fokale lengte. Verkry so 'n enkele foto.

Nie alle kameras het hierdie funksie nie. As jou kamera dit het, leer om dit te gebruik (vra raad indien nodig). As jou kamera dit nie het nie, kan jy die tweede metode gebruik: Dœn dieselfde opstelling, kies 'n stadige sluiterspœd en roteer die zœmring effens gedurende die oop sluitertyd.

Die rede waarom die hoofitem in die middel van die foto mœt wees, is om dit redelik skerp te hou. Sny die foto agterna om die komposisie reg te kry. Sien die eerste foto by Foto-idees vir die oorspronklike foto. Die foto hierbo wys dat 4 skote gebruik is vir die voorbladfoto.

# Vrugtefotografie

tema & wenke

As dit by vrugtefotografie kom (en ons sluit neute en bessies hierby in), dan is daar baie variasies waaraan gedink kan word. Netso is daar 'n verskeidenheid genres. Ons dink byvoorbeeld aan natuurfotografie, stillewefotografie en kosfotografie. Elkeen het sy eie plek en fotografiese vereistes.

'n Granaat sou byvoorbeeld as deel van 'n natuurfoto kon wees, in 'n mate soos die voorbladfoto. Maar net so sou 'n oopgebreekte granaat vir stillewe- of kosfotografie gebruik kon word. Byna alle vrugte kan op meer as een manier fotografies benut word – dink ook aan moontlikhede van die vars tœstand tot die gedroogte tœstand.


*Blossom Magic-roosbessies*

Watter vrugte, bessies of selfs sade jy afneem, beskou die item altyd as 'n model. Dit beteken: die onderwerp mœt mooi, soos 'n mensmodel, vertoon. 'n Vaal granaat sal 'n vaal (in twee betekenisse) foto gee, terwyl 'n blink gevryfde granaat baie beter sal vertoon. Net so sal 'n tros druiwe waarvan daar 'n paar korrels gekorrel is, ook nie die paal haal nie. Gebruik dus jou tyd om vrugte gœd te laat vertoon, natuurlik so ver as wat dit prakties moontlik is.

Wees in alle omstandighede by die fotografering van vrugte, soos ook by enige ander tipe foto's, bewus van die beste natuur-omstandighede. Dink aan die stand van die son, of andersins die tipe elektroniese beligting. Waai die wind vir buitenshuise foto's, of wil jy binnenshuis wind skep met 'n waaier? Wil jy doudruppels op bessies hê, of juis nie? Leer om wyd te dink oor jou fotografie – en dit maak nie saak of jy 'n selfoon of 'n baie duur gewone kamera gebruik nie.


Niks hang so rooi
soos wingerdblaar by Hexrivier
Niks staan so geel
soos herfspamplier
By Dwarsrivier op Ceres
Slaan rem aan hou jul asem in
en kyk en kyk
Lank en eerbiedig
soos 'n mens na
so 'n herfs mœt kyk
Laat dit inbrand in jou vir latertyd
Die warm geel en rooi vir latenstyd
*Bœrneef*
Towerlantern Fotografie
- april 2023 -

# RIGLYNE VIR VRUGTEFOTOGRAFIE

**KAMERA-INSTELLING:** Vir hierdie aanwysings word aanvaar dat jy 'n buitetoneel het met vrugte. Die gebruik van 'n driepoot is noodsaaklik omdat 'n relatief stadige sluiterspoed nodig is. Die kontinue tegniek word nou beskryf:

### TIPE LENS
Gebruik enige tipe lens wat kan in- en uitzoem.

### FORMAAT
Landskap- of selfs vierkantformaat sal goed werk.

### ISO
Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

### WITBALANS
Enige nie-kunsmatige witbalansstelling sal goed wees.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING
Wees presies met die keuse van fokuspunte, en plaas dié punt ongeveer in die middel van die toneel.

### SLUITERSPOED
Kies 'n relatief stadige sluiterspoed, bv. 1/10 van 'n sekonde, afhangend van die lig.

### LENSOPENING
Gebruik die liniaal vir 'n "korrekte" stelling van die lensopening.


### FYN FOKUSSERING
Neem foto's en kontroleer die fotoskerpte; pas aan.

**AKSIE:** Draai die zoemring gedurende die oop sluitertyd effens kloks- of antikloksgewys, maar nie beide nie. Eksperimenteer en neem baie foto's.

*Towerlantern Fotografie*
- april 2023 -

# FOTOFORMATE

As fotograaf behoort jy bewus te wees van fotoformate. Ons nœm 'n klompie sake hieroor.




## LANDSKAP- EN PORTRETFORMAAT

Almal is bewus van hierdie formate. Besef wel dat jy met jou kamera of selfoon albei kan dœn – draai net die kamera deur 90 grade.

## VIERKANTFORMAAT

Sommige fotograwe verkies hierdie vorm waar die wydte en hoogte van die foto dieselfde is. Soms is dit noodsaaklik om 'n foto so te neem, of te sny, byvoorbeeld vir die foto van 'n CD-houer.

## PANORAMAFORMAAT

In 'n sekere sin is hierdie formaat die teenoorgestelde van die vorige. Hier is die wydte en hoogte heelwat verskillend van mekaar. Kyk ook na die foto hierby.

## KAMERAFORMATE

Jy kan verskillende formate op jou kamera instel, byvoorbeeld (op die Canon onder *Aspect ratio*) 3:2, 4:3, 16:9 en 1:1. Ook in 'n fotoverwerkingsprogram is soortgelyke keuses beskikbaar.

## VRYE FORMATE

In 'n fotoverwerkingsprogram kan jy enige verhouding van wydte tot hoogte stel. Enige keuse is in orde solank die finale produk steeds gœd lyk. Mœt net nooit 'n foto rek (Engels: *stretch*) om dit groter te kry nie.

## KOMPOSISIE

Watter keuse van formaat jy ook al kies (op jou kamera) of dœn (in 'n program), mœt nooit vergeet van die basiese komposisiereëls nie. Jy kan 'n gœie foto totaal opdons deur dit verkeerd te sny.

NUUS *vanaf Towerlantern*

# Fotovriende

Towerlantern het jaarliks 'n fotovriende-grœp. Die huidige grœp het op 1 Maart 2023 begin funksioneer. Dit is egter nog nie te laat nie; jy kan steeds inskryf. Sien dit soos 'n verjaardagpartytjie van 'n vriend – almal hœf nie gelyktydig op te daag nie.

Hierdie grœp is oop vir enige persoon wat sy / haar kamera baie gœd ken en wat graag besondere foto's wil neem. Sluit dus aan. Die volledige inligting is soos volg:

**Algemeen:** Die vriendekring is informeel. Jy kan aansluit vir 'n korter of langer tydperk – daar is geen voorskrif nie; ook geen fynskrif nie. Die idee is dat jy maandeliks foto-opdragte kry om uit te vœr.

**Vereistes:** 'n SLR-kamera met verstelbare instellings is noodsaaklik. So ook 'n driepoot.

**Aanvangsdatum:** Enige tyd. Daar is geen vaste tema nie – elke maand is op sy eie.



*Skemeraandlig. Johann Nel*

**Werkwyse:** 'n Opdrag word aan die begin van 'n kalendermaand gestuur. Die opdragfoto's, in die vorm van 'n PowerPoint-aanbieding met ongeveer 5 foto's, mœt teen die einde van die maand ingestuur wees. Evaluering word binne die daaropvolgende 10 dæ gedœn en aan almal gestuur. So leer almal by almal.


**Fooi:** Daar is drie registrasie-moontlikhede:

- Maandeliks: R50 per maand
- Kwartaalliks: R135 per kwartaal
- Jaarliks: R480 per jaar

Kontakpersoon en -adres: Johan de Klerk 082 884 7061; johan@towerlantern.co.za

NUUS vanaf Towerlantern

# Aanlynkursusse



Bobbejaanliefde, Marisa Linde, Polokwane




Skemerbeligting, Rona Jacobs, Blœmfontein

Towerlantern Fotografie bied op 'n permanente basis aanlynkursusse aan. Dit gebeur op verskillende vlakke. As jy wonder waar jy 'n kursus kan volg, dan is Towerlantern die plek.
Dœn gerus navraag by johan@towerlantern.co.za . As jy wonder hœ ons studente se foto's lyk, hier is twee voorbeelde van "ver"-studente.

# *Wat beteken die "SLR" van 'n SLR-kamera?*

"SLR" staan vir *single lens reflex*, maar wat beteken dit? Ons sal die verduideliking eenvoudig hou, en met 'n eksperiment begin wat jy self kan doen.


Gaan sit by 'n tafel met jou regterelmboog gestut op die tafel, voorarm na die plafon gedraai en wysvinger gepunt. Maak jou linkeroog toe, kyk met jou regteroog na jou vinger en let op wat jy agter die vinger sien; moontlik 'n skildery teen die muur. Sonder om nou jou arm of vinger of kop te beweeg, maak jou linkeroog oop en jou regteroog toe. Dis belangrik dat niks anders mag roer nie. Kyk nou met jou linkeroog na jou vinger en let op dat daar 'n ander agtergronditem met jou vinger oplyn. Dié verskil word 'n parallaks-verskil genoem.




Vroeër se kameras het met twee "oë" gekyk – die een "oog" was die lens, die ander "oog" was die beeldsoeker (Engels: *view finder*). Daar was dus 'n parallaksverskil, soos by jou oë. Dit was nie net 'n verskil nie, maar eintlik 'n fout, want wat jy deur die beeldsoeker gesien het, was nie presies die foto nie.

By SLR-kameras is daar nie so 'n fout nie Daar is net een "oog", naamlik 'n enkele lens (eintlik lensstelsel), vandaar *"single lens, SL"* wat die foto produseer. Met 'n slim spieëlstelsel bestaande uit (a) 'n enkele weerkaatsende spieël (of reflekterende, Engels: *reflecting*, *reflex*, *R*) en (b) 'n reeks spieëls in 'n glasprisma sien die fotograaf dieselfde toneel as wat die uiteindelike foto wys.

Ten slotte: Die letter D staan meermale voor SLR, dit is, DSLR. Die D wys bloot net daarop dat die kamera digitaal is.



# ONTSTAAN VAN NIKON-KAMERAS

Soos die Canon-kamera wat ons verlede maand bespreek het, is die Nikon-kamera ook van Japanese oorsprong.

Nikon se geskiedenis begin so ver terug as 1917. Die beginpunt was die optiese instrumentmakery Nippon Kogaku. Dié het gespesialiseer in duikbootperiskope en artillerie-afstandmeters. Na die Tweede Wêreldoorlog het die klem verskuif na kameras met die kompakte Nikon Model 1 as die eerste produk.

In 1959 het die Nikon F op die mark gekom. Hierdie was een van die vroegste SLR (*single lens reflex*)-kameras. Die eerste het reeds al gedurende 1952 op die mark gekom toe Asahi Optical Japan sy eerste 35 mm SLR-model geproduseer het. Die Nikon F is vir baie jare bestempel as dié kamera.

En nou, 60 jaar nadat die eerste SLR-kamera van Nikon op die mark gekom het, het die firma Nikon besluit dat dit nou tot 'n einde moet kom. Die rede hiervoor is dat die spieëllose modelle dit oorgeneem het. Die eerste hiervan was die Nikon 1-reeks. Die eerste twee was die modelle V1 en J1, wat in 2011 op die mark gekom het.



*Hoofkwartier van Nikon Corporation, Minato, Tokio, Japan*

Erkenning van foto: By Kakidai - Own work, CC BY-SA 4.0, https://shortest.link/mh2s
Bron: https://shortest.link/I2Ru

# OP INTERNET GESIEN



**Popular Instagram Photographer Revealed as AI Fraud**
In 'n wêreld waar als blitsvinnig verander en kunsmatige intelligensie (AI - Artificial Intelligence) die norm word, mœt mens soms twee keer kyk om te weet of iets eg is. Jos Avery, 'n Instagram-"fotograaf' het onlangs bekend gemaak dat sy foto's nie regte foto's is nie, maar deur kunsmatige intelligensie verwerk is. Sy siening is die volgende: "Do people who wear makeup in photos disclose that? What about cosmetic surgery? Every commercial fashion photograph has a heavy dose of Photoshopping, including celebrity body replacement on the covers of magazines."
Lees meer hieroor by https://shortest.link/kYDm
Wat is jou mening hieroor? Ons hoor graag wat jy sê.

**Watter selfoonkamera is die beste?**
Alhœwel meeste fotograwe steeds 'n "gewone" kamera verkies, is daar heelwat mense wat net met hul selfoonkameras foto's neem. By hierdie skakel is 'n nuttige opsomming van gœie selfoonkameras: https://shortest.link/kYDH of volg ook die spesifieke skakels hieronder.

Sommige van die selfone is wel nie in Suid-Afrika beskikbaar nie. Natuurlik kan jy dit bestel, maar sal jou plaaslike selfoonwinkel dit kan regmaak as daar 'n fout is?

Vir 'n oorsig
- Best Overall Smartphone for Photography: Samsung Galaxy S21 Ultra
- Best Pro Mode for Smartphone Photography: Vivo X70 Pro+
- Best Smartphone for Computational Photography: Google Pixel 6
- Best Bang-for-the-Buck Smarphone for Photography: Google Pixel 5a
- Best Small Smartphone for Photography: iPhone 13 mini
- Best Smartphone for Video: iPhone 13 Pro

GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*



Philip Smith berge in die Brooks Range gebergte

Foto: Patrick J. Endres

*Towerlantern Fotografie*

- april 2023 -

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

Vandeesmaand neem Towerlantern jou nie self op 'n reis nie, maar stel jou voor aan 'n persoon saam met wie jy op reis kan gaan. Dié persoon is 'n Nederlandse dame met die naam Noraly Schœnmaker. Omdat sy voortdurend jeuk om op reis te gaan, is haar YouTube-kanaal se naam heel gepas *Itchy Boots*. Hierdie kanaal het tans byna 'n halfmiljœn intekenaars!

Noraly se professionele werk behels dat sy deur die hele wêreld reis met haar motorfiets. Haar jongste reis het teen die einde van 2022 geëindig. Hierdie reis van 43 000 kilometer het haar 3 jaar geneem om te voltooi. Die reis het begin aan die suidpunt van Suid-Amerika in Patagonië in Argentinië. Vandaar het sy noordwaarts gereis langs die hele weskus van Suid-Amerika, en verder deur Sentraal Amerika. Besigtig gerus 'n kaart. Na die reeks lande in Sentraal Amerika is sy verder deur Mexiko, die VSA, Kanada en uiteindelik het die reis geëindig in Anchorage, Alaska, wat natuurlik ook een van die VSA-deelstate is.




Daar is twee maniere waarop jy hierdie reis kan beleef, 'n korte en 'n lange. Gaan na die skakel https://shortest.link/m4Yh en maak een van die volgende keuses:

- Kort reis: Kyk na die eerste ongeveer 10 minute om die einddeel van haar reis deur Alaska te sien. Beleef die mooiheid van die Brooks-bergreeks (foto op vorige bladsy).
- Lang reis: Kyk na die hele aanbieding van ongeveer 1½ uur. Jy sal vasgenæl sit.

## LEES HIER VERDER

Besœk ook:

- https://shortest.link/lZHM
- https://shortest.link/lZI7

# Wat is kunssalonne en hoekom doen ons dit?

Veronica Heersink, Kroonstad

Volgens Wikipedia is 'n kunssalon die volgende: "Van die sewentiende eeu tot die vroeë deel van die twintigste eeu is artistieke werke in Frankryk beheer deur artistieke akademici wat amptelike uitstallings, genaamd salonne, georganiseer het." Om jou werk op 'n salon te kon uitstal, moes jy die goedkeuring van die beoordelaars kry.

Vandag is dit steeds dieselfde in fotografie – alle inskrywings wat ontvang word, word deur beoordelaars (minimum van 3 per kategorie) geëvalueer en slegs dié wat aanvaarbaar is, sal uitgestal word. En dit is hoe ons vandag aan 'n fotografiesalon dink – 'n uitstalling van foto's.

Fotograwe word uitgenooi om hul fotobeelde in verskeie kategorieë in te dien vir moontlike insluiting by die salon-uitstalling. 'n Paneel beoordelaars beoordeel al die ingestuurde beelde en kies ongeveer 20% vir die uitstalling. Die beelde wat gekies word staan bekend as "aanvaardings".



*Un coin du salon ('n Salonhoek), geskilder deur Edward Danton, 1880, met 'n blik op die Paryse Salon.*

Die aanvaardingskoers sal vir elke geleentheid verskil en word deur die beoordelaars bepaal, maar wel binne die parameters wat gestel is deur die organisasie wat die uitstalling (salon) goedgekeur het en hul naam daaraan verleen het (beskermheer).

In Suid-Afrika gebruik die PSSA (Afrikaans: Fotografiese Vereniging van Suid-Afrika) as nasionale organisasie wat amateurfotograwe verteenwoordig, 'n riglyn vir aanvaarding vir PDI (geprojekteerde digitale beelde) teen tussen 20 en 25% en tot 35% vir afdrukke en oudiobeelde.

Die hoofrede vir die aanbieding van 'n salon is om werk te sien wat jy andersins nie sou sien nie en dit met al PSSA se lede en die publiek te deel.

van ons
# lesers

## *Kroonstad Fotoklub 65ste bestaansjaar salon*

Veronica Heersink, Kroonstad

Ek is deel van Kroonstad se Fotoklub wat tydens Oktober 2022 sy 65ste bestaansjaar gevier het. Om 'n nasionale fotokompetisie aan te bied was vir ons die beste manier om ons bestaansjaar te kon vier – en om gœd te dœn sodat die res van Suid-Afrika van ons bestaan bewus kan wees. Ons is min, maar ons kan 'n impak maak. Die geluk was aan ons kant want Kroonstad het die televisieprogram Kwêla se "Dorp van die Jaar"-kompetisie gewen; ons kon nie vir beter vra nie.

Die reëlings vir 'n PSSA Salon is omvangryk en baie mense is betrokke. Dit het reeds 25 Januarie 2022 begin tœ ons as Klub aansœk gedœn het vir 'n tydgleuf in PSSA se Salonkalender.

Nadat ons aansœk gœdgekeur is om tydens Oktober 2022 'n kompetisie aan te bied, het reëlings begin. Daar is besluit op 6 kategorieë, naamlik Wildlife, no birds, Wildlife, birds only, Scapes, Nature macro, Open colour en Open monochrome.

Die organiseringsproses is 'n groot saak. Inskrywings het die 15e Oktober gesluit en beoordeling mœs die 29e Oktober afgehandel gewees het. Dit was 'n dol en besige tyd met min slaap. Groot was ons verrassing tœ die salon se inskrywings sluit en ons aantal inskrywings is 4470!



*Mono Portrait – Alta Oosthuizen*

vervolg op die volgende bladsy

vervolg van die
vorige bladsy



# Kroonstad Fotoklub 65ste bestaansjaar salon

Kroonstad se 65ste Bestaansjaar-viering Salon was 'n groot sukses in alle opsigte. Die aantal inskrywings het alle verwagtinge oortref en die foto's was alles van hoogstaande gehalte.

Om die elektroniese vertoning saam te stel was vir my 'n hoogtepunt. Elke foto wat 'n medalje, meriete of aanvaarding ontvang het, kon ek van naby sien. Die detail en mooi werk het my asem weggeslaan.



*Wet jumping spider – Nico Hattingh*

As Salon Direkteur mœt ek erken dat my kennis van hœ, wat en waar om 'n salon aan te bied, voor die tyd bitter min en beperk was. PSSA se bestuur het egter nooit gehuiwer om enige hulp en raad te gee nie – hulle was my redding. Vandag kan ek eerlik sê ek het ongelooflike kennis opgedœn wat handig te pas sal kom wanneer ek weer dié wilde perd wil opsaal.



*Struggling up the dune – Dewald Tromp*

# van ons lesers

## *Lugeffek en Landskapeffek*


Josef Steyn, Stilbaai

Dankie vir 'n baie interessante Maart-nuusbrief. Soos jy genœm het, het ek ook al heelwat ombré-foto's geneem sonder dat ek geweet het daar is 'n spesifieke term om dit te beskryf. Myne is uitsluitlik landskapfoto's en soos jou aanduiding was, het ek gekonsentreer op die kleurespel en is die landskapgedeelte nie baie prominent nie.

Daar is meer wyses om die ombré-effek te kry. Dit kan byvoorbeeld in die lug of in die landskap self wees waar die ombré-effek verkry word. Die twee foto's toon dit duidelik

Lugeffek: Die komposisie van hierdie foto is volgens die aanbevelings in die Maart-uitgawe van Fotografienuus, naamlik dat die landskapgedeelte van die foto nie groot prominensie behoort te kry nie.

Landskapeffek: Hierdie foto is 'n sonsondergangfoto wat met 'n lang lens geneem is en waar op slegs 'n klein deel van die landskap gekonsentreer is. Die ombré-effek kom hier dus hoofsaaklik in die landskap voor.





# FOTO-*idees*

Idee 1: Gebruik diskrete of kontinue zœmring-rotering om die foto na te dœn. Begin met enige vrug en aanvanklik eers binnenshuis.





# FOTO-*idees*

Idee 2: Stap deur jou buurt en neem bessies af. Moenie vergeet van komposisie nie.

*Towerlantern Fotografie*
- april 2023 -



# FOTO-*idees*

Idee 3: Neem vrugte-foto's waarmee die gevoel van die herfs, eerder as die werklikheid, uitgebeeld word.



# FOTO-*idees*

Idee 4: Neem foto's van die skil van 'n vrug om só die ombré-effek mooi te vertoon.



# FOTO-*idees*

Idee 5: Kies 'n vrug met baie tekstuur en neem foto's met klem op tekstuur, selfs in oormaat.

*Towerlantern Fotografie*

- april 2023 -